Menselewens val soms uitmekaar

Lewe soms ’n leuen

Eie planne: Sondige soeke na uitkoms

Gebeur ook met gelowige kerkmense!

Teksgedeelte:
So ’n episode in Dawid se lewe

(Hand 13: 22) Dawid is ’n man na God se hart

Gesalf deur Samuel as koning
Maar in geheim
Dawid maak opgang

Saul verslaan sy 1000e,
Maar Dawid sy 10 000e!

Dawid se lewe verander onherroeplik!

Maar Dawid is geduldig – wag op die HERE

Saul “koel nie weer af” nie

Dawid gaan na Samuel
en profeteskool

Soldate en Saul profeteer

Hoe kan Dawid twyfel aan die Here se nabyheid en beskerming?

Dawid slaan op vlug! Tot uit die Beloofde Land uit!

Hulle onthou die lied:
Saul verslaan sy 1000e,
Maar Dawid sy 10 000e!

Toe Dawid besef wat hulle sê, het hy baie bang geword (1Sa 21:12).

Nog ’n laaste desperate plan:
Hou homself mal!

Ons:
Omstandighede van buite
Ons eie optrede/planne

Siekte

Dood

Ekonomie

Huweliksmaats

Kinders

Afdanking

Besigheid

Ongeluk

Hoe reageer ons daarop?

“Mal-speel” op oog af amusant
Maar is nie Gees se plan nie!

Die feit dat ’n plan werk maak
dit nog nie reg nie!

Metateks
(Storie agter die storie)

Sielestryd by Dawid

Bangwees is sneller

- vir diep nadenke
- selfondersoek
- en bekering!

Profeet speel belangrike rol in Dawid se lewe (Profete bring die Woord van God)

Dawid neem sy verantwoordelikheid (roeping) weer op

Dawid is ook musiek- en woordkunstenaar (Psalms)!

Vir die koorleier: op die wysie van “Die duif in die hoë bome”. Van Dawid. ’n Gedig, na aanleiding daarvan dat die Filistyne hom in Gat gevange geneem het. 2 Wees my genadig, o God, want daar is mense wat my jaag, vyande wat my vervolg van die môre tot die aand. 3 Vroeg en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o Allerhoogste (Ps. 56).

Psalm 34

’n Lied van Dawid. Hy het hom kranksinnig
gehou by Abimelek. Dié het hom
weggejaag en hy het padgegee. [2] Ek sal die
Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my
lippe wees. [3] Ek sal die roem van die Here
sing; die wat swaar kry, sal dit hoor en
daaroor bly wees. [4] Sing saam met my oor
die grootheid van die Here en laat ons
saam sy Naam prys.

5 Ek het die Here aangeroep en Hy het
my geantwoord, Hy het my gered uit
alle doodsgevare. 6 Dié wat swaar kry,
sien op na Hom en straal van blydskap,
hulle word nie teleurgestel in hulle
verwagting nie. 7 Ek is een van die
ellendiges wat geroep het. Die Here
het gehoor, uit al my benoudhede het
Hy my gered.

[8] Die Engel van die Here slaan sy laer op
rondom dié wat die Here dien, en red
hulle. [9] Kom ondervind en sien self dat die
Here goed is! Dit gaan goed met die mens
wat by Hom skuil. [10] Julle wat aan die
Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien,
het geen gebrek nie. [11] Selfs leeus ly
gebrek en kry honger, maar wie die Here
se hulp vra, kom niks kort van al die goeie
dinge nie.

9 My ellende het nie ongemerk by U
verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u
boek staan hulle opgeteken. 10 Die dag
wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande
terug. Dít weet ek: God is aan my kant. 11 In
God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se
woord ek prys, 12 in God stel ek my vertroue,
ek is nie bang nie. Wat kan ’n mens aan my
doen? 13 Ek moet my geloftes aan U nakom, o
God, ek wil U met dankoffers betaal, 14 want U
het my van die dood gered, my voet nie laat
struikel nie, en met God by my kon ek my pad
aanhou loop en die lewenslig bly sien (Ps. 56).

...ek is nie bang nie (:12)

Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader (Rm 8: 15)

Dawid is ’n man na God se hart

10 ½ eeue later lemand:

- Seun van Dawid
- Sterke Verlosser uit die huis van Dawid
- Hy sit op die troon van sy voorvader Dawid
- Uit die geslag van Dawid
- Nakomeling van Dawid

Hy is ook die Seun van God (Jh 1: 34)
En Seun van die Allerhoogste (Lk 1: 32)

Toe het Hy bedroef en beangs geword [38] en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenoud. (Mat 26:37).

“Jy sê dit” – en Hy word gekruisig!

Hy sterf ter wille van Dawid se bangword... En myne en joune!

Wat sê hierdie nagmaal vir jou?

Ons is in Christus!

Heilige Gees lei ons na ons eie Adullam

Ps 34: 8 (Totius)

Die HEER's die hart naby
wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur,
verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer,
die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier
red hulle keer op keer.